# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# BA Verlengde program (01130014)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 368 |

## Programinligting

Die program is gerig op ’n algemeen vormende opleiding in die geesteswetenskappe. Dit bied aan die student ’n breë akademiese basis met die oog op nagraadse studie en berei die student voor vir aktiewe betrokkenheid in ’n wye verskeidenheid beroepsvelde.

## Addisionele vereistes

Voornemende studente kan nie vir hierdie studieprogram aansoek doen nie. Die Fakulteit se Toelatingskomitee sal bepaal watter studente in hierdie studieprogram geplaas word. ’n Beperkte aantal plekke is beskikbaar. Graad 12-aansoekers wat ’n TPT van 26-29 in Graad 11 behaal het, sal op grond van die uitslag van die NBT vir die BA (Verlengde program) oorweeg word.

## Ander programspesifieke inligting

Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.
Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om ’n taalmodule ter waarde van 12 krediete uit die lys van taalmodules te neem (sien Akademiese geletterdheid).

**Bykomend tot die voorgeskewe fundamentele modules, moet die leergang as volg saamgestel word:**
**Kern-/Keusemodules**:
**Eerste studiejaa**r
Kies enige 2 dissiplines (vakke) op jaarvlak 1 en doen 2 semestermodules uit elk van dié dissiplines plus 1 ander module.

**Tweede studiejaar**
Kies een van die dissiplines (vakke) wat in die eerste jaar geneem is en doen albei semesters op jaarvlak 2.
Kies enige 2 addisionele dissiplines op jaarvlak 1 en doen albei semesters.

**Derde studiejaar**
Kies enige een van die vorige dissiplines wat u op jaarvlak 1 geneem het en doen dit op jaarvlak 2.
Kies een van die dissiplines wat u op jaarvlak 2 geneem het en doen dit op jaarvlak 3.

**Vierde studiejaar**
Kies die ander dissipline wat u op jaarvlak 2 geneem het en doen dit op jaarvlak 3.
Kies enige van die oorblywende modules wat u op jaarvlak 1 geneem het, en doen dit op jaarvlak 2.

Die volgende algemene beginsels geld vir die kombinering van dissiplines vir hierdie program:

- Indien ’n dissipline (vak) nie twee semestermodules per jaarvlak aanbied nie, moet studente die

departementshoof van die betrokke dissipline raad-pleeg oor moontlike aanvulling met ander tersaaklike modules.

- Indien enige taaldissipline (taalvak) gekies word, moet die voorgeskrewe modulekeuses wat in die taalgroepe en in die alfabetiese lys van modules aangedui word, in aanmerking geneem word.
- Enkele dissiplines (vakke) uit ander fakulteite mag by die program ingesluit word maar die volgende beperking is van toepassing: slegs twee van die vier eerstejaars-vakke, een van die drie tweedejaarsvakke en een van die twee derdejaarsvakke mag uit ’n ander fakulteit gekies word. Die tersaaklike dissiplines uit ander fakulteite wat by die program ingesluit mag word, is die volgende:
  - Bybel- en Godsdienskunde (REL)
  - Geografie (GGY)
  - Inligtingkunde (INL)
  - Opvoedkunde (OPV)
  - Raadpleeg die jaarboeke van die onderskeie fakulteite waar hierdie dissiplines aangebied word vir die kredietwaardes, aanbiedingsmodi en moontlike voorwaardes.
- Ten einde met nagraadse studie in ’n bepaalde dissipline te kan voortgaan, moet ’n student ses semestermodules oor die drie jaarvlakke in die betrokke dissipline voltooi het.

**Akademiese geletterdheid**

Alle studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit van Pretoria inskryf en alle nuwelingstudente wat vir die eerste keer by die Fakulteit Geesteswetenskappe inskryf se akademiese geletterdheid sal aan die begin van die akademiese jaar deur middel van hulle NSS-punte bepaal word.

1. Studente wat ’n graadprogram in Engels volg: Die NSC Graad 12-Engelspunt sal gebruik word om te bepaal of studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe vir die akademiese-geletterdheidsmodules (ALL 110 en ALL 125 in Engels) moet registreer.

- Huistaal: Studente wat 'n 4 of laer behaal het, registreer vir ALL 110 en ALL 125.
- Eerste Addisionele Taal: Studente wat ’n 5 of laer behaal het, registreer vir ALL 110 en ALL 125.

2. Studente wat ’n graadprogram in Afrikaans volg: Die NSC Graad 12-Afrikaanspunt sal gebruik word om te bepaal of studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe vir die akademiese-geletterdheidsmodules (VAG 110 en VAG 125 in Afrikaans) moet registreer.

- Huistaal: Studente wat ’n 4 of laer behaal het, registreer vir VAG 110 en VAG 125.

Alle studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe wat as risikogevalle geïdenti¬fiseer is, is verplig om ten minste twaalf krediete te verwerf in die akademiese- geletterdheidsmodules VAG 110 of ALL 110 en VAG 125 of ALL 125.
Alle studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe wat nie as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om ten minste 12 krediete in ’n taalmodule te verwerf:

**Department of English**

ENG 110 Introduction to literature in English (I)
ENG 120 Introduction to literature in English (II)
ENG 118 English for specific purposes

**Departement Afrikaans**

AFR 110 Afrikaanse taalkunde en letterkunde
AFR 120 Afrikaanse taalkunde en letterkunde
AFR 114 Afrikaans vir sprekers van ander tale (I)

**Departement Afrikatale**

NDE 1101 Inleiding tot isiNdebele-grammatika: Capita selecta
*Studente wat isiNdebele in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
ZUL 110 IsiZulu vir beginners
ZUL 111 Inleiding tot isiZulu-grammatika – Capita selecta
*Studente wat isiZulu in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
SEP 110 Sepedi vir beginners
SEP 111 Inleiding tot Sepedi-grammatika – Capita selecta
*Studente wat Sepedi in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
STW 110 Setswana vir beginners
STW 111 Inleiding tot Setswana-grammatika – Capita selecta
*Studente wat Setswana in die tweede semester wil neem, moet ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta) registreer.

**Departement Moderne Europese Tale**
DTS 104 Duits vir beginners
DTS 113 Duits: Kultureel-professioneel (1) *Voorvereiste: Graad 12 Duits
FRN 104 Frans vir beginners
FRN 113 Frans: Kultureel-professioneel (1) *Voorvereiste: Graad 12 Frans
SPN 101 Spaans vir beginners
SPN 102 Spaans vir beginners
PTG 101 Portugees vir beginners

**Departement Antieke Tale en Kulture**
HEB 110 Hebreeus
LAT 110 Latyn
GRK 110 Grieks

# Bevordering tot volgende studiejaar

a. ’n Student wat toegelaat is vir die BA (Verlengde program), moet aan die einde van die eerste studiejaar die volgende modules van ten minste 50 krediete geslaag het: fundamentele modules ter waarde van ten minste 26 krediete asook een vak op jaarvlak 1 (alle opeenvolgende modules van dieselfde dissipline – 24 krediete).

   Studente wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, se studies word beëindig en geen hertoelating sal oorweeg word nie.

b. Studente wat tot die BA (Verlengde program) toegelaat is en alle modules van die eerste studiejaar slaag (80 krediete) mag aansoek doen om vanaf die tweede studiejaar vir die BA-graadprogram te registreer. So ’n aansoek moet van die nodige motivering vergesel wees en kan deur die Toelatingskomitee op grond van akademiese prestasie goedgekeur word.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 80**

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Akademiese geletterdheid 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid vir Geesteswetenskappe 125 (ALL 125) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 101 (UPO 101) - Krediete: 0.00

## Keusemodules

Afrikaans 110 (AFR 110) - Krediete: 12.00
Afrikaans 120 (AFR 120) - Krediete: 12.00
Afrikatale letterkunde: Capita selecta 121 (AFT 121) - Krediete: 12.00
Argeologie 110 (AGL 110) - Krediete: 12.00
Argeologie 120 (AGL 120) - Krediete: 12.00
Antieke kultuurstudie 110 (AKG 110) - Krediete: 12.00
Antieke kultuurstudie 120 (AKG 120) - Krediete: 12.00
Antropologie 110 (APL 110) - Krediete: 12.00
Antropologie 120 (APL 120) - Krediete: 12.00
Drama- en filmkunde 110 (DFK 110) - Krediete: 10.00
Drama- en filmkunde 120 (DFK 120) - Krediete: 10.00
Duits vir beginners 104 (DTS 104) - Krediete: 24.00
Duits: Kultureel-professioneel (1) 113 (DTS 113) - Krediete: 12.00
Duits: Kultureel-professioneel (2) 123 (DTS 123) - Krediete: 12.00
Erfenis- en kultuurtoerisme 110 (EFK 110) - Krediete: 12.00
Erfenis-en kultuurtoerisme 120 (EFK 120) - Krediete: 12.00
English 110 (ENG 110) - Krediete: 12.00
Engels vir spesifieke doeleindes 118 (ENG 118) - Krediete: 12.00
English 120 (ENG 120) - Krediete: 12.00
Inleiding tot omgewingswetenskappe 101 (ENV 101) - Krediete: 8.00
Filosofie 110 (FIL 110) - Krediete: 12.00
Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00
Frans vir beginners 104 (FRN 104) - Krediete: 24.00
Frans: Kultureel-professioneel (1) 113 (FRN 113) - Krediete: 12.00
Frans: Kultureel-professioneel (2) 123 (FRN 123) - Krediete: 12.00
Geskiedenis 110 (GES 110) - Krediete: 12.00
Geskiedenis 120 (GES 120) - Krediete: 12.00
Aspekte van menslike geografie 156 (GGY 156) - Krediete: 8.00
Suider-Afrikaanse geomorfologie 166 (GGY 166) - Krediete: 8.00
Grieks 110 (GRK 110) - Krediete: 12.00
Grieks 120 (GRK 120) - Krediete: 12.00
Hebreeus 110 (HEB 110) - Krediete: 12.00
Hebreeus 120 (HEB 120) - Krediete: 12.00
Kriminologie 110 (KRM 110) - Krediete: 12.00

Kriminologie 120 (KRM 120) - Krediete: 12.00
Latyn 110 (LAT 110) - Krediete: 12.00
Latyn 120 (LAT 120) - Krediete: 12.00
Maatskaplikewerkteorie 110 (MWT 110) - Krediete: 12.00
Maatskaplikewerkteorie 120 (MWT 120) - Krediete: 12.00
Inleiding tot isiNdebele Grammatika: Capita selecta 110 (NDE 110) - Krediete: 12.00
Opvoedkunde 112 (OPV 112) - Krediete: 12.00
Opvoedkunde 122 (OPV 122) - Krediete: 12.00
Portugees vir beginners 101 (PTG 101) - Krediete: 24.00
Portugese taal en kultuur (1) 113 (PTG 113) - Krediete: 12.00
Portugese taal en kultuur (2) 123 (PTG 123) - Krediete: 12.00
Politiek 101 (PTO 101) - Krediete: 24.00
Godsdiensstudies 110 (REL 110) - Krediete: 12.00
Godsdiensstudies 120 (REL 120) - Krediete: 12.00
Sepedi vir beginners 110 (SEP 110) - Krediete: 12.00
Inleiding tot Sepedi grammatika - Capita Selecta 111 (SEP 111) - Krediete: 12.00
Sepedi 120 (SEP 120) - Krediete: 12.00
Sielkunde 110 (SLK 110) - Krediete: 12.00
Sielkunde 120 (SLK 120) - Krediete: 12.00
Sosiologie 110 (SOC 110) - Krediete: 12.00
Sosiologie 120 (SOC 120) - Krediete: 12.00
Spaans vir beginners (1) 101 (SPN 101) - Krediete: 12.00
Setswana vir beginners 110 (STW 110) - Krediete: 12.00
Inleiding tot Setswana-grammatika – Capita selecta 111 (STW 111) - Krediete: 12.00
Setswana 120 (STW 120) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 111 (VKK 111) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 121 (VKK 121) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 123 (VKK 123) - Krediete: 12.00
Klimaat en weer van Suider-Afrika 164 (WKD 164) - Krediete: 8.00
isiZulu vir beginners 110 (ZUL 110) - Krediete: 12.00
Inleiding tot isiZulu grammatika - Capita selecta 111 (ZUL 111) - Krediete: 12.00
isiZulu 120 (ZUL 120) - Krediete: 12.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.